

Skriflesing: Openbaring 16: 1 – 21Teks: **Openbaring 16: 12-13, 16**Sing: **VOORAF SANG- Sb. 2-2 (34): 1****TYDENS EREDIENS- Ps. 91:1,6; Ps. 94:6,7; Ps. 31:1,19; Sb. 2-4 (33):1,2****Openbaring 16: 1 – 21**

Rev 16:1 Toe het ek uit die tempel 'n harde stem vir die sewe engele hoor sê: "Gaan gooi die sewe bakke, gevul met die toorn van God, op die aarde uit!"

Rev 16:2 Die eerste engel het toe gegaan en sy bak op die land uitgegooi. Daar het kwaadaardige en pynlike swere uitgekom aan die mense wat die merk van die dier aan hulle het en wat sy beeld aanbid.

Rev 16:3 Die tweede engel het sy bak in die see uitgegooi. Dit het bloed geword soos die bloed van 'n dooie, en alles wat in die see lewe, het doodgegaan.

Rev 16:4 Die derde engel het sy bak in die riviere en die waterbronne uitgegooi. Dit het ook bloed geword.

Rev 16:5 Toe het ek die engel wat oor die water toesig hou, hoor sê: "U is regverdig, U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel voltrek het;

Rev 16:6 want hulle het die bloed van die gelowiges en van die profete vergiet, en U het hulle self bloed laat drink. Dit het hulle verdien."

Rev 16:7 Toe het ek die engel wat oor die altaar toesig hou, hoor sê: "Ja, Here God, Almagtige, betroubaar en reg is u oordele."

Rev 16:8 Die vierde engel het toe sy bak op die son uitgegooi. Daardeur is aan die son die vermoë verleen om die mense met vuur te brand.

Rev 16:9 Die mense is deur 'n groot hitte gebrand, en hulle het die Naam gelaster van God wat die mag oor hierdie plaes het. En hulle het hulle nie bekeer nie en aan Hom nie die eer gegee nie.

Rev 16:10 Die vyfde engel het toe sy bak op die troon van die dier uitgegooi, en daar het duisternis oor die koninkryk van die dier gekom. Die mense het hulle tonge stukkend gebyt van die pyn

Rev 16:11 en het die God van die hemel gelaster oor die pyn wat hulle moet verduur, en oor die swere. En hulle het hulle nie bekeer van hulle verkeerde praktyke nie.

Rev 16:12 Die sesde engel het toe sy bak op die groot Eufraatrivier uitgegooi. Die water daarvan het opgedroog om 'n pad vir die konings uit die ooste oop te maak.

Rev 16:13 Toe sien ek uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die vals profeet drie onrein geeste kom wat soos paddas lyk.

Rev 16:14 Hierdie geeste, wat wondertekens doen, is bese geeste. Hulle gaan na die konings van die hele wêreld toe om hulle byeen te bring vir die oorlog op die groot dag van God, die Almagtige.

Rev 16:15 "Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie."

Rev 16:16 Die geeste het die konings byeengebring op die plek wat in Hebreeus Armageddon genoem word.

Rev 16:17 Die sewende engel het toe sy bak in die lug uitgegooi. Van die troon in die tempel af het daar 'n stem hard uitgeroep: "Dit is verby!"

Rev 16:18 Toe het daar weerligstrale, dreunings en donderslae gekom. Daar was ook 'n groot aardbewing soos daar nog nie was vandat die mens op die aarde gekom het nie, so 'n geweldige groot aardbewing was dit.

Rev 16:19 Die groot stad het in drie dele geskeur, en die stede van die nasies het inmekaargestort. God het ook nie vergeet om vir die grote Babilon die beker met die wyn van sy gloeiende toorn te gee nie.

Rev 16:20 Al die eilande het verdwyn, en berge was daar ook nie meer nie.

Rev 16:21 Groot haelstene, elkeen omtrent vyftig kilogram swaar, het van die hemel af op die mense geval. En die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat die plaag verskriklik groot was.

Skriflesing: Openbaring 16: 1 – 21Teks: **Openbaring 16: 12-13, 16**Sing: **VOORAF SANG- Sb. 2-2 (34): 1****TYDENS EREDIENS- Ps. 91:1,6; Ps. 94:6,7; Ps. 31:1,19; Sb. 2-4 (33):1,2**

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, hierdie laaste dele van Openbaring laat ons

besef God laat dinge in hierdie wêreld bymekaarkom. Dinge wat swaar is, loop op 'n knop.

Dalk deels van die knop wat swere kan veroorsaak. Die eerste bak wat die eerste engel op die aarde uitgegiet het, was nie verniet kwaadaardige en pynlike swere wat uitgeslaan het op die mense wat die merk van die dier dra en aanhou om sy beeld te aanbid. So is die laaste deel van Openbaring aanmekaar besig met die laaste dinge van die eindtyd.

Sewe bakke gevul met God se toorn word bak na bak uitgegooi. Dit herinner sterk aan die 10 plae wat Egipte getref het waar swere en water wat bloed word en duisternis en baie van die verskriklike dinge wat deel was van die plae in Egipte, ook hier te sprake kom. Selfs die paddas was in Egipte ook 'n plaag op sy eie. Hier lees ons in die konteks van Openbaring 16 selfs ook weer van afskuwelike paddas maar die toepassing strek net nog wyer en dieper.

Egipte se plae was werklik net tot Egipte beperk maar die sewe plae waarmee Openbaring God se wraak oor die wêreld laat uitgiet, is wêreldwyd. Dit strek oor die wye wye wêreld, so groot soos die aardbol is. Die wye wye wêreld kan van God se oordele nie weghardloop nie, dit het ons met die laaste dinge van hierdie laaste tye al keer op keer moes erken. Die plae kom naby aan ons. Ons het met baie van die dinge die laaste paar jare intens te make. Virus infeksies, nou weer sporadiese aappokke, 'n land wat in duisternis kan raak as Eskom nie die ligte gaan aanhou nie.

Dis baie ou geskiedenis in God se Woord maar eintlik is die dinge wat Openbaring van praat so modern as kan kom. Dis deel van ons land, soos sy mense maar deel is van hierdie land. Maar so baie mense, die oorgrote meerderheid, het 'n al groter verlange om met die dier uit die see en die dier uit die aarde te wil deel, as wat mense werklik nog 'n verlange het om nog deel te mag hê aan God se verbond en wat die verbond werklik vir ons beteken. Vir ons as kerk is hier baie troos in Openbaring opgesluit, waar ek en jy as mens net vir onself baie duidelik moet uitmaak waar bevind ek myself as die magtige Eufraatrivier nou heeltemal opgedroog geraak het en die dinge wat dui op die laaste Armageddon gaan plaasvind direk na die groot rivier opgedroog het. Waar gaan ek myself midde-in al hierdie dinge dan bevind?!

In hierdie konteks laat ons Openbaring 16 vandag saamkom met die eerste gedagte van plae wat oploop tot paddas. Die tweede gedagte raak aan die sesde bak van oordeel as die paddas wat

hoofsaaklik 'n waterdier is nie meer kan swem nie, want die groot rivier is droog. Wat beteken die opdrogende rivier. Laaste kom ons by die gedagte van Armageddon wat waarskynlik afgelei is van die Hebreeuse *har Megiddo – berg van Megiddo* - wat simbolies ook groot betekenis dra. Eerste dan –

Plae wat oploop tot paddas:

Hierdie plae die een na die ander uit die bakke van God se oordeel op die aarde uitgegiet laat twee woorde dadelik in ons lewe vassteek. Dinge is aan die oploop en iewers gaan die geskiedenis tot stilstand knars. Die eerste is wat Openbaring 15 ons verlede Sondag al laat hoor het dat iewers gaan die sonde vasgedraaide mensdom besef nou is dit te laat om wakker te skrik. Openbaring 15 moet ons elke keer herinner daar gaan 'n tyd kom wat dit dan TE LAAT is, te laat vir bekering, te laat om gered te word, te laat om dinge reg te stel. Ons moet Openbaring 15 en Openbaring 16 ook weer langs mekaar kan lees, soos ons verlede Sondag, Openbaring 15 die lied by die see van glas en Eksodus 15, die lied langs die Skelfsee, langs mekaar moes kon plaas as ons met die laaste dinge uit God se Woord werklike erns wil maak.

Openbaring 16 saamgelees met Openbaring 15 dra weer die kernboodskap van DIT IS VERBY! Alles bou op tot die stadium wat selfs die slegste dinge gaan oorgaan maar dan is hierdie wêreld verby. Ons lees net voor die slag van Armageddon 'n baie mooi herinnering aan wat Jesus terwyl Hy op aarde was ook met verskillende gelykenisse duidelik gemaak het. Ons noem dit dan ook ons Here se waaksaamheidsgelykenisse. Die meeste daarvan in Mattheus 24 en 25.

Die bekendste van die waaksaamheidsgelykenisse is seker die vyf jong meisies wie se lampe met genoeg olie gevul was, wat dan wel gereed was vir die koms van die Bruidegom. Die ander vyf maagde het wel ook hulle lampe gehad maar geen olie met hulle saamgeneem nie (Matt. 25:3). Duidelik staan hierdie gebeure direk in verband met wat Johannes by hierdie sewe plae amper as 'n terloopse aanmoediging invoeg om in sulke swaar tye te bly volhard – Op 16:15: *15 “Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie.”*

Kom u agter geliefdes, in die gedeelte waarmee die Here ons wil troos en beskerm is daar by ons nog altyd die skande wat ons onself nie van kan losmaak nie. Tog stel die Here ons in staat om

wakker te bly, ons klere reg te hou dat dit nie nodig is om kaal en blootgestel die plaie tegemoet te gaan nie. Ons word beklee, ons kry 'n bedekking wat alleen in Christus kan gebeur. Om jou en my geestelike naaktheid in hierdie lewe te bedek het ek in alles en deur alles dit só nodig om Christus aan te trek. Om met Hom beklee te wees.

Ons sal niks van hierdie plaie sonder Christus tegemoet kan gaan nie. As God met hierdie sewe bakke sy laaste oordele oor hierdie wêreld gaan voltrek dan dien dit eintlik dieselfde doel soos die plaie wat Egipte getref het. God het die Egiptenare deur hierdie plaie gestraf, daarmee het hulle in die gerig gekom. Tog het dieselfde plaie 'n dubbele doel want terwyl God Egipte met die plaie oordeel was dieselfde plaie juis daar om Israel te verlos. Met hierdie sewe bakke van God se toorn wat oor die aarde uitgegiet gaan word, het God ook daarmee 'n verlossingsplan. Ons moet dit nooit miskyk nie.

Dat die plaie die een na die ander verskriklike dinge is van verskriklike siektes en swere wat mense kan tref tot die see wat dit nie meer kan uithou nie. Die besoedeling van die see-in ons tyd laat ons dalk ook weer nuut na hierdie tweede plaag in Openbaring 15 kyk, want dit is juis die besoedeling van die vars water bronne, die strome en riviere wat so baie gemors in die see neerstort. U besef dit is nie nodig dat ons noodwendig die plaie alles moet vergeestelik nie; eintlik gebeur die dinge voor ons oë hoe 'n gemors die mens van die skepping kan maak. Hoe min skoon riviere is in ons land oor? Daar is op 'n ander manier baie bloed in ons water as ons kyk na wat in ons tyd gebeur. Om sulke vuil besoedelde water te moet drink is op die einde maar iets van om bloed te drink wat nie gedrink kan word nie. Hoe erg is dit as die plaie vir ons sê drinkwater gaan 'n probleem word.

Dan kom die vierde plaag by die res van die skepping uit. Die engel gooi sy bak op die son uit. Dit gee aan die son die vermoë om net nog warmer te word. Die laaste paar weke het ons gerigte gehoor en beelde gesien van die verskriklikste hitte wat Europa, die Britte en Amerika in 'n greep beet het. 'n Mens sien die verskriklikste tonele van brande wat oor die aarde spoel. Dis nie te sê dis nou die laaste van die vierde plaag nie, want warmer kan dit nog word maar die brande en die verskriklike hittegolwe wat die wêreld wel mee te doen het laat ons weer dink en kyk hoe die dinge in vervulling gaan.

Dalk is dit nodig om dit hier te sê en ons sal dit nog maar weer iewers moet beklemtoon. Die mensdom skrik nie. Dis asof Johannes dit elke keer moet herhaal en beklemtoon. Hoe mense in hulle pyn en in hierdie hitte steeds besig is om God te laster. Hulle laster God juis oor die pyn en die swaar wat hulle moet deurgaen. Hulle kom nie tot die besef dat God sal hulle nog swaarder hieronder kan laat ly juis omdat hulle midde-in die omstandighede in hulle lastering net nog groter lastering pleeg. In vers 8 hoor ons van die lastering, vers 11 is daar nog weer verdere lastering, dan eindig die hoofstuk in vers 21 met die mense wat net aanhou om God te laster, al was daar haelstene oor hulle omtrent 50 kg swaar. Mense se lastering word al groter terwyl die plaë ook besig is om al groter te word. Die vermetelheid van die mens om God te wil uitdaag en tart is besig om in ons tyd grensloos uit te brei. Dié wat waarlik tot bekering kom is maar baie min in vergelyking met die al groter wordende getal wat besig is met al hoe groter lasteringe teen God. God berei ons selfs vir hierdie toestand voor.

So bou die plaë op totdat ons dan ook kom by die plaag waar ons met die paddas van die eindtyd te doen gaan kry. Dis iets van 'n groot ironie. Die groot wêreldrivier droog op maar daar kom paddas op die toneel. Ons tweede gedagte vra die vraag -

Wat doen die paddas as hulle nie meer kan swem nie?

Die Eufraatrivier dra geestelik in God se Woord besondere betekenis. Inderdaad is die Eufraatrivier 'n baie groot rivier in die wêreld. Dit is 'n rivier omtrent 2800 km lank en loop deur verskillende lande, Turkye, Sirië en Irak om maar net hulle te noem. Ironies as u meer oor die watervlakke van hierdie besondere lang rivier wil gaan lees dan wys wetenskaplikes dat die rivier is inderdaad besig om op te droog. Hier gebeur nie net geestelik iets geweldig nie, maar hidrologies gebeur ook wat God se Woord geestelik uitspel.

Die Eufraatrivier was in die Ou Testament al iets van 'n uiterste grens. Dit was die oosgrens van koning Dawid se magtige ryk presies soos wat God dit baie jare voor Dawid al aan Abraham belowe het. Die Here het vir Abraham gesê- Gen. 15:18- 18 *Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier.*

Israel het dit vir baie lank so in hulle agterkoppe moes hou dat anderkant hierdie rivier daar is ons vyande. So was dit ook, anderkant die rivier was die Assiriërs en ook die Babiloniërs. 'n Groot deel van baie swaar wat Israel moes deurgaan is die tye wat God dit toegelaat het dat juis die volke anderkant die groot rivier Israel se grense binnegegaan en hulle in ballingskap weggevoer het. Ons weet hoe baie dele in die Ou Testament is God se volk in 'n toestand van ballingskap. Uit hierdie ballingskap het daar wel ook weer bevryding gekom. Wonderlik dat die Ou Testament al so duidelik die ballingskap maar ook die bevryding daarúit vir ons saamvat.

Dit alles met die net één doel dat die groot bevryding in Christus 'n werklikheid kon word. As ons al die dinge rondom God se volk in ballingskap moet lees en verwerk dan moet ek myself daardie omstandighede kan indink. Dis waar dit by moet begin maar ek kan nie al hierdie dinge lees en verstaan en ek kom nie by Christus uit nie. Dis dalk ook weer nodig om onself die vraag af te vra is ons volk en land nie ook tans in 'n tipe van ballingskap wat God oor ons gebring het juis omdat Christus so gesmaad en gelaster word.

Die boosheid slaan uit na baie kante en die ergste lastering wat mense teen God kan pleeg is om andere te wil leer dat die bese bestaan nie! Daar is teoloë van ons tyd wat die bestaan van Satan ontken. Hy wat die grootste vyand van God is, dink jou dit in, dat daar dan mense is wat sê God se grootste vyand bestaan nie. God is eintlik maar heelyd besig om vir ons te lieg. Baie hedendaagse oud kerklikes maar wat nou met die kerk niks te make wil hê nie, het reeds by die punt gekom om boeke te skryf waarin hulle andere wil oortuig dat selfs God nie bestaan nie. Op die stadium verskyn daar selfs in Afrikaans op gereelde basis sulke tipe boeke. Mense wat 'n soort van bevryding in hulle eie ongeloof vind. Dis hoe eienaardig ons tyd en wêreld geword het. As die paddas nie meer kan swem nie dan doen hulle sulke eienaardige dinge. Hulle verbly hulle in hulle eie droogte wat hulle eie ondergang gaan wees en maak asof die droogte, die weggaan van die Eufraatrivier hulle bevryding kon word. Dit terwyl God deur Johannes in Openbaring geprofeteer het dat dit is hoe die laaste dae van die eindtyd gaan verloop.

Daar het van die geestelike skeidslyn, die geestelike Eufraat tussen kerk en wêreld baie min oorgebly. Die ware kerk word op sovele terreine openlik aangeval. As ons die vyande van die kerk fyn uit luister en dit strek vanaf die Japie van Zyls wat spesifiek die boere-Afrikaner wil

wysmaak die kerk is die hoer in die wêreld en dan skuif dit direk oor ná die liberale media wat die kerk al meer soos 'n karikatuur en 'n uitgediende outydse soort van mense organisasie in die wêreld wil voorstel. Dan besef ons hoe vêr het die opdroging van die rivier inderdaad gevorder. Die kerk kom onder al hoe groter druk dat ons moet glo dat geen godsdiens het die reg om as die enigste ware godsdiens gesien te word nie. Die wêreld wil hê dat alle gelowige en godsdienste moet saamkom en één moet word, dan het die wêreld inderdaad sy doel met die kerk bereik. Die Eufraat is droog en die grense word ongehinderd oorgesteek. Tot op die dag wat ons laaste gedagte vandag is ...

Die veldslag van Armageddon:

Dit volg direk na die opdroging van die groot rivier. Waar geloofsgrense tot niet gaan dui dit gewoonlik ook op die vernietiging van gebiedsgrense. Profeties wys hierdie na die laaste oorlog wat daar tussen Christus en die antichris op aarde sal wees. Openbaring 12 het al so in die rigting begin wys. Toe was daar die laaste groot hemelse oorlog waar Satan en sy leërmagte deur die engele Migael in 'n oorlog in die hemele gekom het en Satan is daar oorwin. Toe is die Satan op die aarde neergewerp. Dit was die laaste hemelse oorlog.

Armageddon sal die laaste aardse oorlog wees. Die naam herinner sterk aan die berg Megiddo waar ook die verskriklike geskiedenis van Rigters 4 en 5 afgespeel het. As geloofsgrense deurbreek word kry jy ook nie meer jou gebiedsgrense beskerm nie. Dit was deur die geskiedenis nog altyd so. Met die opdroog van die Eufraat is asof die geskiedenis na 'n kant gedruk word. Satan, die antichris en die valse profeet sal hulle laaste oorlog teen die goddelike Drie-eenheid aan die gang sit. Daar kom sulke groot onreinheid en lastering uit hulle monde. Onrein geeste soos paddas kom uit hulle bekke. Die paddas van die droë rivier is spreekwoordelik niemand se maats nie! Dis massaal en afskuwelik watter laagtepunte hierdie godslastering sal bereik. Hierdie onrein geeste dien as aanhitsing vir die wêreld se politieke leiers wat al meer in hulle werkswyses antichristelik sal optree.

Al is hierdie slag van Armageddon die tyd wat die wêreld al meer in opstand teenoor God kom is dit aangrypend dat die slag van Armageddon sal God se groot dag wees. Hier sal die Satan, die antichris en die valse profeet finaal hulle rieme styfloop. Dit alles bou op die die uitgiets van die sewende bak. In die opbou is dit asof Jesus dan net eintlik Homself onderbreek en vir sy Kerk

wil sê dat hulle werklik vir sy koms moet gereedmaak en gereed moet wees. Ons het vroeër al vandag na daardie wonderlike belofte verwys dat salig, gelukkig is die mens wat in die tyd let op sy/haar lewe, ja wat hulle klere bewaar en nie nakend buite gevang word nie. Al manier om jou vir hierdie oorlog voor te berei is dat jy met Christus bekleed moet wees.

Ons sal merk as die inhoud van die laaste bak uitgegooi word, dan word dit nie spesifiek op iets gegooi nie. Dit word somer gewoon die lug ingegooi. Die uitwerking van die laaste plaag sal wees of dit van bó uit die lug oor die aarde toesak en alles op hierdie aarde word getref. Dis nou nie meer die menslike liggaam met swere, of die riviere, of die see, of die son wat geteiken word nie, maar die plaag gaan alles op hierdie aarde tref. Dit is dan ook die laaste voorbereidings vir die Here se wederkoms. Hierdie oorwinning wat Christus op die einde sal bereik word dan met die verskyning van die sewende engel beseël. Wanneer die stem uit die hemel finaal sal roep DIT IS VERBY, dan is dit werklik alles verby. 'n Groter aardbewing was daar nog nie, die geskiedenis skeur as't ware die aarde, die stede verkrummel soos broodkrummels, die verwoesting van Babilon sal volg. Haelstene val op die mense wat alles tekenend is van die verskrikking van die laaste veldslag op aarde. Verskriklike dinge gebeur maar het u gehoor wat staan nog weer hier- Die lastering teen God in hierdie verskriklike tyd hou steeds nie op nie! Mense hou aan in hulle ongeloof, tot op die laaste geen bekering nie.

Die groot vraag waarmee ons afsluit en die week ingaan bly maar die vraag, sal ek reg wees. Ons wat nog oorbly, ons besef die Here gaan onverwags kom, ek moet wakker wees. Alleen die mens wat wakker is rondom die Here se Woord sal kan waak tot op hierdie dag.

AMEN